# Sunridge

## Primêre Skool

Tuliplaan, Sunridgepark, 6045
Tel: 0413608100 Faks: 0413608052
E-pos: info@sunridge.co.za

Sunridge Primêre Skool is daartoe verbind om u kind van 'n gesonde en betroubare omgewing te voorsien, waarbinne aan u kind se geestelike, intellektuele en fisiese behoeftes voldoen kan word en u kind sy/haar maksimum potensiaal kan bereik om sy/haar onderrig voort te sit.

**Omsendbrief 1/2013**

**19 September 2013**

Geagte Ouers

1. UIT DIE KANTOOR

**As nuwe skoolhoof moet ek 'n paar sake onder u aandag bring. Ek vra nederig om verskoning indien ek op enigiemand se tone trap. Vir my is u kind se onderrig 'n absolute prioriteit en dit is ononderhandelbaar. Ek is nie aangestel om populêre** besluite te neem of mense tevrede te stel nie. Dit is my werk om die skool te bestuur en seker te maak dat behoorlike en redelike **onderrig plaasvind. Hoë standaarde en Christelik**-gebaseerde waardes is deel van my bestuurstyl.

**Ek sal almal met respek behandel, maar ek duld nie onbeleefdheid nie. Ons wil hê dat ons kinders wenners moet wees, maar** ons moet hulle ook leer hoe om met waardigheid te verloor. Sunridge-kinders is wenners en ons toekoms skyn helder. Ek glo **ons kan 'n verskil maak en met 'n positiewe houding kan ons 'n blink toekoms in ons land verseker.**

Dit gaan alles oor houding!

Ek glo dat kinders foute moet maak, want dit is hoe hulle leer. Dit is belangrik hoe ons dit aanvaar en van die grootste belang hoe ons dit hanteer. Vertroue in onderwysers is uiters belangrik. As volwassenes moet ons nooit gesag ondermyn nie – kom ons praat soos volwassenes en met respek oor ons verskille.

**Is dit hoe u voel?**

***"Liewe Onderwyser, ek stuur vandag vir u my kosbaarste besitting en ek vertrou dat u versigtig sal wees in wat u doen en sê.*** *Wees asseblief sag en liefdevol en moedig hulle ook aan. Ek vertrou op u om te weet wat om te doen. Wys hulle dinge en laat hulle teken, sodat hulle kan onthou wat hulle gesien het. Laat hulle spring en hardloop en speel; hulle sal ons alles oor hul dag* ***vertel. Laat hulle self ook dinge doen, maar help hulle asseblief as hulle vra. Gee hulle 'n drukkie en glimlag baie; herinneringe aan u sal nooit vergeet word nie. Van 'n liefdevolle Ouer"***

**Dan is u by die regte skool!**

Veels geluk aan al die Sunridge-kinders wat in 2013 op akademiese, sport- en kultuurgebied uitgeblink het.

2. POSITIEWE HOUDING

Ek is trots om aan Sunridge verbonde te wees en ek wil graag alle onderwysers, ouers en leerlinge uitdaag om ook trots te wees op hul verbintenis met die Sonskynskool. Ek is baie opgewonde oor die toekoms en sien uit na 2014. Ons is nie bereid om ons norme en waardes in te boet nie. Inteendeel, ons beplan om in 2014 selfs harder daaraan te werk.

**Ouers en Onderwysers, hou asseblief die volgende in gedagte:**

**As 'n kind saamleef met ...**
**kritiek,** leer hy om te veroordeel.
**vyandigheid,** leer hy om te baklei.
**vrees,** leer hy om bang te wees.
**bejammering,** leer hy om homself jammer te kry.
**jaloesie,** leer hy om skuldig te voel.

**Maar as 'n kind saamleef met ...**
**verdraagsaamheid,** leer hy om geduldig te wees.
**aanmoediging, leer hy om selfvertroue te hê.**
**komplimente,** leer hy om te waardeer.
**erkenning, leer hy dat dit goed is om 'n doelwit te hê.**
**goedkeuring,** leer hy om van homself te hou.
**eerlikheid,** leer hy wat die waarheid is.
**regverdigheid,** leer hy om regverdig te wees.
**aanvaarding, leer hy om lief te hê.**
**sekuriteit, leer hy om vertroue in homself en die mense rondom hom te hê.**
**vriendelikheid , leer hy dat die wêreld 'n lekker plek is om in te woon.**

**Ek daag u uit om u houding in belang van u kind te verander!**

## 3. VEILIGHEID

Elke kind op hierdie perseel is my kind - ek sal nie toelaat dat hul veiligheid op die spel geplaas word nie. Ek sal my uiterste bes doen om 'n veilige omgewing vir hulle te skep. Die volgende reëls geld vanaf 1 Oktober 2013.

Ouers is altyd welkom by Sunridge Primêre Skool, maar ten einde ons kinders te beskerm, moet ons by die reëls hou.

1. Alle hekke word om 08:00 gesluit. Maak asseblief seker dat u kind veilig en betyds afgelaai word.
   Wanneer 'n kind die terrein binnegekom het, mag hy/sy dit nie weer verlaat voor die einde van die skooldag nie. Indien u kind laat is, moet hy of sy deur die voorhek by die saal binnekom. Ons het begrip vir omstandighede en om laat te kom, is nie 'n oortreding nie, maar dikwels laat is 'n houding wat ons nie sal duld nie. Hoofleiers sal by hierdie hek aan diens wees en geen ouer mag deur hierdie hek binnekom nie.

   Ná 5 minute sal die hek gesluit word en die leerling sal slegs kan binnekom deur die voordeurklokkie te lui en die hoofdeur te gebruik.
2. Laai asseblief u kind af en laat hom/haar die terrein alleen binnekom, sover moontlik. Dit laat ons toe om oortreders en onwelkome persone op te merk. Voorkoming is beter as genesing! Ons terrein word deur CCTV beskerm en binnekort sal ons opgradeer om elke hoekie van ons speelterrein en elke buitedeur te dek.
3. Indien u soggens saam met u kind na die rye wil gaan, moet u asseblief so gou moontlik teruggaan. Onthou dat die binnekant van geboue 'n veilige sone vir kinders is. Indien u wil binnekom, moet u by die kantoor aanmeld en 'n besoekerskaartjie sal uitgereik word.

Indien u u kind vir enige rede kom haal, kan dit slegs met my toestemming geskied. U moet dus by die kantoor aanmeld en u sal gevra word om u kind uit te teken. Ek moet te alle tye weet dat my kinders by die skool en veilig is. U kan ook 'n telefoonoproep verwag indien u kind nie by die skool is nie, daarom stel ek voor dat u die skool skakel of 'n epos stuur om afwesigheid te bevestig. .

Hekke word aan die einde van die skooldag oopgesluit.

Alle ouers is welkom by sportoefeninge en wedstryde en ek wil graag hê dat ouers dit moet bywoon. Moenie u kind se onderrig misloop nie – word deel daarvan. Moet asseblief nie inmeng met oefeninge of wedstryde nie en wees altyd positief teenoor u kind. Dit sal hulle bemoedig, ongeag die uitkoms. Positiewe opmerkings en kommentaar is altyd tot voordeel van u kind.

## 4. BESOEKE AAN SKOOL/KOMMUNIKASIE/AFWESIGHEID

U mag nie 'n onderwyser in die klaskamer of op die skoolterrein besoek nie. U moet eers by die kantoor aanmeld. Interne beheer is van die uiterste belang. Ek moet te alle tye weet wie op die skoolterrein is. **Dit is ook 'n departementele beslissing**.

U moet asseblief met die sekretaresse reël indien u die skool gedurende skoolure wil besoek. Gebruik asseblief te alle tye die vooringang.

U is welkom om die skoolterrein deur die agterste hekke binne te kom indien u kom kyk hoe u kind aan sport deelneem. Die geboue (klaskamers) is egter buite perke.

Alle kommentaar en briewe aan die skool moet in die huiswerkboekie geskryf word, en nie in die leerling se werkboeke nie. Hou die kommentaar asseblief positief. Negatiewe kommentaar rig baie skade aan. Indien u vertroulik aan die onderwyser skryf, gebruik asseblief die regte papier en verseël die brief in 'n koevert.

**Reël asseblief 'n afspraak deur die kantoor indien u 'n onderwyser of myself wil spreek.** Geen onderwyser mag gedurende klastyd onderbreek word nie.

Indien u kind die skool vroeg moet verlaat, moet u die skool asseblief skriftelik of telefonies kontak. Geen leerling sal toegelaat word om vroeg te gaan sonder dat die ouers hierdie reëling getref het nie. Probeer asseblief om alle afsprake in die middag te reël. Indien u nie in staat is om dit te doen nie, moet u asseblief u kind persoonlik kom haal. 'n Leerling mag die skoolterrein nie alleen gedurende skoolure verlaat nie.

Wanneer u kind afwesig was, is hy/sy verantwoordelik daarvoor om alle werk op te vang. Hy/Sy moet ook 'n geskrewe nota van u bring om sy/haar afwesigheid te verduidelik.

## 5. Meningsverskille

Kom ons besef dat ons meningsverskille sal hê; die vraag is net hoe ons dit gaan oplos. Respek is die antwoord en deur die korrekte kanale te volg, ongeag hoe ons voel. Kom ons koel eers af, of soos my kinders sê "Chill" voor ons instorm. Oplossings is belangriker as probleme en besluite wat geneem word wanneer ons kalm is, is altyd meer produktief. Ondersteun my asseblief in hierdie saak.

## 6. Onderwysers

Ons onderwysers is deeglik opgelei, ervare seniors met jare se ondervinding van suksesvolle onderrig. Duisende leerlinge is al deur hul hande en u nuwe ondervinding is ou nuus vir hulle. Ons ken elke streek.

Ons moet nooit voor kinders van onderwysers/volwassenes sleg praat nie en ons as volwassenes moet nooit gesag ondermyn nie.

Alle kinders maak foute en ons moet daarmee saamleef en liewer die onderwysers in die onderrigproses ondersteun, ongeag **ons persoonlike menings. Kom ons as volwassenes bou vertroue en hanteer foute op 'n professionele wyse.**

Onderwysers, soos ouers, maak ook foute en ons moet dit soos volwassenes hanteer.

7. Akademies

Akademiese sake is ons vernaamste funksie by Sunridge. U sal agterkom dat ek streng optree en nie middelmatigheid aanvaar nie. Hierdie skool bied die beste moontlike akademiese voorbereiding en ons sal daarna streef om ons uitslae te verbeter. Ons wil die allerbeste lewer en dit is wat ek verwag.

8. ASSESSERING

Die assessering vir volgende kwartaal is soos volg:
Deurlopende assessering (Formele en informele toetse, projekte, take, opdragte, ens.)
Eksamen – Gr 4 - 7.

**U sal later 'n rooster ontvang. Moedig asseblief huiswerk en hersiening aan.**

9. KLAGTES/PROBLEME/Kanale

Indien u enige probleme ondervind, skakel asseblief die skool om u te help. Die Onderwysdepartement het versoek dat ouers hulle nie direk moet kontak nie, maar eers met die skool in aanraking kom en deur die skoolhoof werk. Skoolhoofde is die **amptelike verteenwoordigers van die Departement by skole. Naamlose briewe sal nie oorweeg word nie. Ons is 'n profes-**sionele instelling en sal dit nie aanvaar nie. Ons hoor ook graag van enige positiewe sake wat u onder ons aandag wil bring.

Alle navrae moet in die eerste plek aan die klasonderwysers, vakonderwysers en afrigters gerig word. Indien u probleem nog nie opgelos is nie, praat met die Departementshoof, Graadhoof, Vakhoof, Hoof van Sport of Hoof van Kultuur. Die volgende stap is die Adjunkhoof en uiteindelik die Skoolhoof. Deur hierdie kanale kan ons oplossings aanbied en dit sal aan die mense wat verantwoordelik en betrokke is, die geleentheid bied om aandag aan die saak te skenk.

**Ondersoekvorms is reeds in plek en u kan seker was dat niks onder die mat ingevee sal word nie. Dit mag dalk 'n tydjie neem en die uitkoms sal dalk nie wees wat u wil hê nie.**


10. STANDAARDE EN VAKONDERRIG

U hoef geensins bekommerd te wees oor die standaard van onderrig op enige gebied nie. Mnr Hendrik Janse van Rensburg is die akademiese hoof van ons skool en ons het die volste vertroue in hom. Ons plaas weer eens ons fokus op die leerareas.

Ons onderwysers is uiters ervare en is daartoe in staat om u kind te help en te ondersteun; al wat hulle nou nodig het, is u **ondersteuning. Die tyd wat u kind tuis met huiswerk deurbring, speel 'n groot rol in sy/haar sukses. 'n Positiewe houding is** die grondslag vir sukses. U volle samewerking en ondersteuning sal vanjaar en in die jare vorentoe op prys gestel word. Ons almal **wil net die beste vir u kind hê.**

**Opregte Sonskyngroete en baie seën word u toegewens vir die laaste kwartaal. "Die grootste geskenk in ons lewens is Jesus Christus en Hy gee aan ons kinders as Sy persoonlike geskenk aan ons". Wat gaan u met u geskenk doen?**

Die uwe



MNR M DE VRIES
Skoolhoof

